

**Skriflesing:** Psalm 147Teks: **Psalm 147:5****Sing- VOORAF SANG- Ps. 145:1, 5****TYDENS EREDIENS: Ps. 147:1,2; Ps. 147:4; Ps. 147:3,5; Ps. 147:6,7****Psalm 147 (1933 '53 Vert)**

Psa 147:1 Loof die HERE, want dit is goed om onse God te besing, ja lieflik; 'n loflied is gepas!

Psa 147:2 Die HERE bou Jerusalem op; Hy versamel van Israel die wat verdryf is.

Psa 147:3 Hy genees die wat gebroke is van hart, en Hy verbind hulle wonde.

Psa 147:4 Hy bepaal die getal van die sterre; Hy gee hulle almal name.

Psa 147:5 **Onse Here is groot en ryk aan krag; sy verstand is oneindig.**

Psa 147:6 Die HERE rig die ootmoediges weer op; die goddelose mense verneder Hy tot die grond toe.

Psa 147:7 Sing 'n danklied tot eer van die HERE, psalmsing tot eer van onse God met die siter;

Psa 147:8 wat die hemel met wolke oordek, wat vir die aarde reën berei, wat op die berge gras laat uitspruit,

Psa 147:9 wat aan die vee hulle voedsel gee, aan die jong rawe as hulle roep.

Psa 147:10 Hy het geen welbehag in die krag van die perd, geen welgevalle in die bene van die man nie.

Psa 147:11 Die HERE het 'n welgevalle in die wat Hom vrees, wat op sy goedertierenheid hoop.

Psa 147:12 o Jerusalem, prys die HERE! o Sion, loof jou God!

Psa 147:13 Want Hy het die grendels van jou poorte sterk gemaak; Hy het jou kinders binnein jou geseën.

Psa 147:14 Hy wat aan jou grondgebied vrede verskaf, wat jou versadig met die beste van die koring,

Psa 147:15 wat sy bevel na die aarde stuur—sy woord loop baie vinnig.

Psa 147:16 Hy gee sneeu soos wol; Hy strooi ryp soos as.

Psa 147:17 Hy werp sy ys heen soos stukke—wie kan bestaan voor sy koue?

Psa 147:18 Hy stuur sy woord en laat hulle smelt; Hy laat sy wind waai—die waters loop.

Psa 147:19 Hy maak aan Jakob sy woorde bekend, aan Israel sy insettinge en sy verordeninge.

Psa 147:20 So het Hy aan geen enkele nasie gedoen nie; en sy verordeninge, dié ken hulle nie. Halleluja!

**Skriflesing:** Psalm 147Teks: **Psalm 147:5****Sing- VOORAF SANG- Ps. 145:1,5****TYDENS EREDIENS: Ps. 147:1,2; Ps. 147:4; Ps. 147:3,5; Ps. 147:6,7**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus - Ons het in Psalm 147 te doen met 'n lofpsalm. Psalm 147

is die derde in 'n ry van ses lofpsalms- Psalm 145-150. Tot by Psalm 150 sal die woorde- Loof

die Here en die nog sterker uitdrukking van om God te loof is om uit te roep- *Halleluja*.... ja in

hierdie lofpsalms sal ons die uitdrukking Halleluja dikwels hoor. Dit staan by hierdie 6 Psalms

elke keer aan die einde- Halleluja- dit vat eintlik alles saam. Halleluja is in elke geval maar die

Hebreeuse uitdrukking van *Hal-lu-Yah*- wat dan beteken PRYS DIE HERE... Hierdie lofprysing

is iets wat vir die digter aangenaam is... Dit is vir hom goed, dit is so vervullend om die Here te

loof. Om God so te mag loof is 'n gawe van God, dit gee vreugde, die Heilige Gees bewerk

in die lof eintlik 'n volle oorgawe waarmee hierdie Psalm aan ons oorgegee is. Buiten die

oproep om God te loof, het die Psalm ook 'n duidelike openbaring Wie presies hierdie God is, van Wie ons hier praat, Wie word geloof (vv2-6), daarna gee die Psalm wat ons reaksie moet wees in die lofsang aan God (vv7-11). In die laaste plek (vv 12-20) wat ons alles te wagte kan wees as God geprys kan word. Kortom dit gaan oor Wie word geloof, wat is jou reaksie en wat kan jy verder te wagte wees.

**Wie word geloof:**

Dit is alleen die Here wat so geloof kan word. Sy lof word besing. Dit gee aan die digter wie ons nie weet wie hy is nie, in alle geval 'n oortreffende gevoel van vreugde en dankbaarheid om God so te mag loof. Ook ons as kerk moet in hierdie Psalm onself baie gou in die harte en gedagtes van die digter plaas, want kan ons hierdie Psalm saam met soveel andere ook 'n Kerkpsalm noem. Hoekom?! Daar kan net een rede wees. Die God wat hier besing word, is in Jesus Christus dieselfde God wat sy Kerk regeer en sy Kerk al hierdie dinge wil skenk wat daar in Jerusalem vanuit hierdie Psalm geskenk is.

Dink maar aan die volle werking waarmee God Homself aan Jerusalem verbind het, dan is dit nie iets anders as dit waarmee God Hom nou deur Jesus Christus aan sy Kerk verbind nie. Ons kan dadelik vier groot dinge noem. God is die God wat bou – ons lees -die Here bou Jerusalem op, God is die God wat versamel, ons lees- Hy versamel van Israel die wat verdryf is... God is die God wat genees, ons lees- Hy genees die wat gebroke is van hart en Hy verbind hulle wonde...God is die God wat tel- ons lees- Hy bepaal die getal van die sterre, Hy gee hulle almal name.

Dit is in alle geval vir alle kerke van alle eeue die grondslag van ons bestaan. God moet ons bou, God moet ons bymekaarmaak, alleen God kan sy Kerk genees, ons gesond maak, God moet my deel van sy raad maak, Hy moet ons tel, Hy moet ons wil byreken. Die God Wie ons loof, alleen Hy is die Een wat al hierdie dinge kan doen. Vers 5 gee darem eintlik 'n wonderlike samevatting van met Wie het ons hier te doen. Na die Psalm al die groot werke van die Here noem dan sê die digter- Onse Here is groot en ryk aan krag; sy verstand is

oneindig...

\*\*\*

Ons hou in gedagte wanneer hierdie Psalm die eerste keer gedig is, dan seker ook die eerste keer gesing is- dan is die moontlikheid baie groot dat sou die Psalm kom uit die pen van die profete, Haggai of Sagaria, soos die Septuaginta (Griekse vertaling van die Ou Testament) dit glo, of laat ons sê ons weet nie wie die digter is nie, maar baie duidelik die digter maak nie 'n geheim van Wie en waarom hy sing nie. Daarom glo ons die psalm se oorsprong lê in die opbouwerk rondom die tyd van Esra en Nehemia toe daar na 90 jaar (538vC-445vC) van herstelwerk, na die bittere ballingskap in Babel na Jerusalem teruggekeer kon word.

Daar kom in alle geval 'n noue verbinding met Nehemia 12:27-43 uit die Psalm na vore. Eers was die tempel herbou, dan die stad, toe kom die mure en die poorte aan die beurt. Hierdie Psalm laat dit klink asof alle herstel nou klaar is. Ja, almal wat verstrooid en weggedryf was, kan nou terugkeer, ja die Psalm sing van die Here versamel die wat verdryf is... ons weet 538vC het van die bannelinge saam met Zerubbabel kon terugkeer, in 457vC het daar 'n terugkeer saam met Esra plaasgevind en 445vC en ook weer 434vC was daar 'n terugkom saam met Nehemia. Tog gaan dit nie oor die leiers saam met wie hulle kon terugkom nie, maar is dit soos die Psalm sê die Here het hulle laat terugkom- Hy versamel van Israel die wat verstrooid is. Die God wat groot krag het, sy verstand is sonder mate. Hy wat die ootmoediges oprig, maar die goddeloses gaan grond toe. Hulle word tot in die grond toe verneder. 'n Ootmoedige is in die Hebreeus iemand wat nederig is, in sy eie oë neem so een 'n lae posisie in, maar God verhoog so 'n mens, maar hulle oormoedig, hulle wat in hulle oormoed goddeloos is, hulle sal grond toe gedwing word.

\*\*\*

As ons hierdie eerste gedagte afsluit van Wie word waarlik geloof, dan gaan dit baie duidelik om God se krag, om God se heerlike verstand, sy verstand is oneindig... dit gaan nie net om Wie God is nie, maar wat doen God. Hy het gegee dat Jerusalem se mure weer opgebou kan word, maar soos Hy kan sorg dat 'n stukkende muur heel kan word, so kan Hy ook sorg vir 'n

stukkende hart. As u hart voel soos 'n muur gekraak, omgestoot, afgebreek, God kan met die harte maak soos daar met die mure van Jerusalem in die tyd van Nehemia en van Ester gedoen is, dit kan weer heelgemaak word.

Om in die ballingskap te moes wees is hartverskeurende tye – ja ons kan dink aan daardie hartverskeurende woorde in Ps. 137:1-4 *1 By die riviere van Babel, daar het ons gesit, ook geween as ons aan Sion dink. 2 Aan die wilgerbome wat daarin is, het ons ons siters opgehang. 3 Want daar het hulle wat ons as gevangenes weggevoer het, van ons die woorde van 'n lied gevra en hulle wat ons verdruk het, vreugde, deur te sê: Sing vir ons 'n Sionslied. 4 Hoe sou ons die lied van die HERE kan sing in 'n vreemde land?*

Nou 10 Psalms verder, is daar 'n groot verskil. Die lied van die Here kan weer gesing word, nie in 'n vreemde land, maar in die land waarna die Here hulle teruggebring het. Die siters weerklink- kyk vers 7- Dit bring ons by ons tweede gedagte ...

**Die wonderlike reaksie in hierdie lofsang aan God:**

Die Psalm laat in sy geheel ons hierdie besondere reaksie van die mens na God se wonderlike herstel aanskou. Vv 7-11 is spesifiek 'n reaksie wat God in sy voorsienigheid, in sy skepping, in sy goedheid (welbehae) bly loof. So begin vers 7- *Sing 'n danklied tot eer van God, psalmsing tot eer van onse God.* Die vreugde is groot, ja dit is 'n lofsang wat vër buite die mure gehoor kon word. Die vervalle stad is weer opgerig, die mure herstel, ja ons kan ons dit voorstel hoe daar op die dag van die inwyding van alles wat so stukkend geslaan was, weer vreugde van binne die herstellde mure kon weerklink. Die Psalm word voluit gesing- Hierdie Jerusalem is weer opgebou, ja dit nie nuut nie, maar dis tog reggemaak.

\*\*\*

Jerusalem staan teenoor Babel. Babel wat oorgaan na Babilon, die stad van die antichris. Babel het Jerusalem vir lank ingesluk. Die volk was in ballingskap, nou is hulle verlos. Jerusalem word opgebou, daar het redding gekom, die wat verstrooid was, keer terug. Iemand noem hierdie Psalm 'n lentelied vir Israel. Dit is asof die lente vir God se volk

aankom. Nuwe lewe wat die Here in die lente gee. God herskep sy volk uit genade en maak met hulle 'n nuwe begin. Dit wat in Jesus Christus die volle som en volle son van God se geregtigheid vir ons kom word, het, die Psalm dra al die bloeisels, dra al die botsels van die Verlosser wat op die einde die groot herstel en genesing kom bring, wat die Psalm net die inleiding van is.

Ja, elke mens, elke deeltjie van 'n mens, word oor beskik. In Christus is God se beskikking net nog duideliker en meer omvattend, al is die Psalm alreeds so omvattend. Al gebeur daar verskriklike dinge met ons, maar dié God kyk selfs in die nessies van die voëltjies in. Hy wat hoog en heilig is, sorg vir 'n beteuterde klein kraaitjie. Dit is so, 'n kraai het 'n manier om sy kleintjies terwyl hulle eintlik nog te klein is uit die nes te skop. God sorg vir die kraaitjie. Die digter se reaksie omvat die kraai, maar ook die wolke, dit draai na die weerlig, na die reën, na die koue, na die ys, maar beskik God ook oor warmte en lewe, wanneer dit weer lente in Israel kan wees. Wat in die berge gras laat uitspruit, wat aan die vee hulle voedsel gee. Geliefdes ons moet afsluit met ons laaste gedagte-

**Wat ons verder te wagte kan wees in hierdie lof aan God?**

Eendag sal die nuwe stad kom, nou lewe ons nie met dinge wat ons kan nuut maak nie, alleen God kan nuutmaak, maar as kerk moet ons die opbou wat God van ons verwag deel van ons dankbare reaksie maak.

Ja, baie duidelik sien die Psalm vir Jerusalem nie maar as 'n stad wat mense gebou het nie, maar God is die eintlike Bouer. Dit gaan op die einde nie soseer om die stad nie, maar om die mense wat die stad God se stad moet maak. Bou die mens op dan sal jy die stad opbou. Dit kan nie wees dat ek dink ek bou die stad op en die mens sal dan in alle geval opgebou word nie. So maklik maak ons die fout om te dink as ek die struktuur regmaak, dan sal die mens regkom?! Ons dankbare reaksie moet wees, ook as Kerk om meer aandag aan die mens langs jou te gee, as aan die strukture wat nie die mens voorafgaan nie, maar die mens gaan die struktuur vooraf. So maklik verval ons as mens in allerhande struktuur-gedagtes- ook

genoem strukturalisme.

\*\*\*

Lees hierdie Psalm wat ons laat hoor- hoe God nie eerstens aandag gee aan die strukture van die stad nie, maar God gee aandag aan die mens. En deur God se mense aandag, deur God se versamelwerk wat Hy met die mens doen- Hy versamel van Israel die wat verdryf is... ja God bly met die mens besig, Hy genees die wat gebroke is van hart... Hy verbind hulle wonde... In God wat bou en dit met mense wil doen, ja sy stad wat in ons terme as God se Kerk gesien kan word, moet ons reaksie wees dat die mens is nie daar in belang van die strukture, maar die strukture moet daar wees in belang van die mens. Dinge wat met die mens gebeur, hulle raak verward en verstrooid, hulle kry seer aan hulle binnekant, gebroke harte word genees, God sien ook die seerkry van buite, as die liggaam gewond word- Hy verbind hulle wonde...

\*\*\*

In die Hebreeus het die woord vir wonde ook die betekenis van frakture. Verbind het ook te doen met spalk of om gips aan te sit... Daar is strukture nodig vir genesing, ja daar moet gips wees of 'n spalk as my been gebreek het, maar nooit mag die gips iets belangriker as die been word nie. Deur die herstel word die been in sy verbande en strukture teruggeplaas.

Weereens dan funksioneer die been weer voluit en is 'n oordrewe struktuur nie meer nodig nie. Dit het ook die implikasie van die eenheid wat herstel word. Soos 'n heup wat in sy potjie teruggeplaas moet word, so is daar weer die eenheid deur die herstel in werking.

Tog werk die Here ook met die verskeidenheid wat daar is. Eenkant die eenheid aan die ander kant, daar is baie verskillende sterre, maar staan in die Psalm dat God bepaal die getal van die sterre, ja Hy gee hulle almal name. Ons as mense gee net name vir die sterformasies wat helder uitstaan en wat ons kan uitken, maar by God is daar nie 'n ster sonder 'n naam nie. Dit alles gedagtig aan wat die Here vir Abraham by die belofte van sy verbond die sterre gewys het, hom laat verstaan jou nageslag sal so baie wees soos hierdie sterre. As elke ster 'n naam ontvang, hoeveel te meer God se kinders van wie God die name in sy handpalms gegraveer het.

Op die einde is ons dankbare reaksie op die lof aan God en dit wat ons te wagte kan wees, in Jesus Christus saamgebring. Die Christus Wie se liggaam vir ons gedood is, maar sy been is geen fraktuur van gemaak nie. Sy bene het hulle nie gebreek nie. In Christus het ons geen verdere versterking los van Christus, daar is geen struktuur buite Christus om wat ons kan verlos nie. God het geen welgevalle in die krag van 'n perd of in die bene van 'n man nie. Ons verlossing is net in Hom, Jesus Christus.

\*\*\*

Deur sy Heilige Gees moet ons met vers 18 afsluit- Hy stuur sy woord en laat hulle smelt; Hy laat sy wind waai- die waters loop. God se Woord en die Heilige Gees mag nie van mekaar geskei word nie. Soos wind en water saamgaan, so kom die Gees deur die Woord, deur Jesus Christus na ons. Die Heilige Gees laat as't ware die Woord oopsmelt, soos ys wat water kan word, dit word vir ons drinkbaar verteerbaar gemaak, dit deur wat God doen. God laat smelt sy woord in die wind, God maak sy Woord in die Gees duidelik. En die waters loop- hier sien ons die Evangelie, die Woord van God wat sy loop sal neem, dit loop na hulle wat dors na die lewende water. Dit loop na jou en my. Vers 15 sê – God se woord loop baie vinnig- Hier staan eintlik so 'n rykdom bymekaar- God wat bevele gee, God wat laat smelt, God wat die wind laat waai, wat die water laat loop- God gee dit alles in die midde van ons lewe.

AMEN